SUID-AFRIKAANSE
STOEIFEDERASIE

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
www.wrestling.org.za
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

Aan: Sekretaris en Presidente – Stoeiverenigings

SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SA Afrigters Raad

26 Januarie 2017

SASAR SKRYWE 03/2017 – KRITERIA VIR 2017 KONTINENTALE SPANNE EN DEELANME AAN NASIONALE PROEWE

Graag wil ons die kriteria en vereistes vir deelname aan die Nasionale proewe wat op 25 Februarie 2017 plaasvind asook vir die 2017 Afrika Kontinentale spanne aan u deurgee.
Let asseblief daarop dat die kriteria net van toepassing is op die Nasionale proewe wat op 25 Februarie 2017 plaasvind vir die 2017 Afrika Kadet, Junior en Senior Kontinentale Kampioenskap spanne.

Na afloop van die Nasionale proewe sal 'n nuwe Kriteria vir die kies en samestelling van spanne vir die res van 2017 asook 2018 gefinaliseer en deurgegee word.

Vereistes vir 2017:

Lokale stoeiers: (Stoeiers wat in Suid-Afrika woon en voorberei)

Spesifieke vereistes vir deelname aan 'n Nasionale proewe en verkiesing tot Kontinentale Kampioenskappe spanne vir 2017: (*Die Nasionale proewe wat op 25 Februarie 2017 plaasvind sal net gebruik vir die samestelling van die 2017 Kontinentale Kampioenskap spanne*)

1. Deelname aan die Nasionale proewe is beperk tot **een styl per stoeier**. Stoeiers moet voor die tyd kies in watter styl hy wil deelneem, en kan net in **een styl inskryf** vir die Nasionale proewe. (Die Uitnodiging vir die 2017 SA Proewe wat op 28 Desember 2016 versprei was, het aangedui dat mans stoeiers wel in beide twee style kan deelneem en dan na die proewe kan kies in watter styl hy wil stoei. **Let asseblief daarop dat die vereistes soos hierbo deurgegee en verduidelik van toepassing is en dat mans stoeiers net in een styl deelneem**)

2. Deelname aan die Nasionale proewe in die spesifieke stoei styl, ouderdoms en massa kategorie waarin die stoeier internasionaal gaan deelneem is verpligtend.

President: MHJ Bosse; Ere President: JH Taljard; Visie President: C Villet; Visie President: CJ van der Walt; Sekretaris Generaal & Voorsitter Admin Raad: HN van den Berg; Tesourier: SH Bartlett; Voorsitter Beampte Raad: W Giliomee; Voorsitter Afrigters Raad: N Coetzee; Voorsitter Spanbestuurders Raad: M Luff; Voorsitter Mediese Raad: AJ Germishuizen; Hulp Tesourier & Sekretaris General: M Smith; Voorsitter Bemarking & Media: SA Bartlett

3. Plasing onder die eerste drie stoeiers by die Nasionale proewe sal nie dien as outomatiese toelating toe enige Nasionale span nie, finale toelating tot Nasionale spanne sal op aanbeveling van die Afrigters Raad en goedkeuring deur die Uitvoerende Bestuur geskied. Die finale aanbeveling of ’n stoeiers geskik is vir internasionale deelname word deur die Afrigters Raad gedoen vir goed keuring deur die SA Uitvoerende Bestuur. Dit geld vir enige internasionale deelname of span.

4. Daar sal geen vereiste vir die bywoning van Nasionale oefening of oefenkampe vir die 2017 Nasionale proewe wat op 25 Februarie plaasvind van toepassing wees nie. (Let wel die reëling is net van toepassing op die proewe van 27 Februarie 2017 en nuwe vereistes in die verband sal deurgegee word na afloop van die proewe wat van toepassing sal wees op die res van 2017 en 2018 se Nasionale proewe en spanne).

5. Stoeiers wat verkies tot die Kadet, Junior en Senior Kontinentale Spanne vir 2017 moet ten minste 80% van die geskeduleerde Nasionale oefen sessies bywoon en fisies aan die oefening deelneem en die oefensessie voltooi. Die bywoning vereiste geld vanaf die proewe vir die kontinentale kampioenskappe tot en met die vertrek van die span na die Kontinentale Kampioenskappe.

6. Alle geskeduleerde Nasionale oefenkampe vir stoeiers wat verkies tot die Kadet, Junior en Senior Kontinentale Spanne vir 2017 is verpligtend. Die bywoning vereiste geld vanaf die proewe vir die kontinentale kampioenskappe tot en met die vertrek van die span na die Kontinentale Kampioenskappe.

7. Stoeiers wat oorweeg wil word vir deelname aan die Wêreld Kampioenskappe vir 2017 moet die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 5 en 6 hierbo nakom na afloop van die Kontinentale Kampioenskappe vir 2017.

Let asseblief op die volgende:

1. Junior, Kadet en 0/15 Jeug stoeiers wat tydens die Nasionale proewe in ’n hoër ouderdoms kategorie wil deelneem moet 1ste kom in sy/ haar regte ouderdoms kategorie alvorens hy oorweeg sal word in die hoër ouderdoms kategorie vir Internasionale deelname. **Mans stoeiers moet in dieselfde styl deelneem in beide ouderdom kategorieë**. Stoeier kan net in een betrokke styl deelneem ongeag of hy in twee verskille ouderdoms kategorieë deel. SA Afrigters Raad sal ’n finale aanbeveling

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

maak aan die SA Uitvoerende Bestuur oor die vergunning om stoeiers in ’n hoër ouderdoms kategorie Internasionaal te laat deel ongeag sy/ haar plasing tydens die nasionale proewe. (**Die vereiste soos uiteengesit in paragraaf 3 hierbo bly van toepassing)**.

2. Geen stoeier mag tydens ’n Internasionale Kampioenkappe in ’n ander styl en kategorie ingeskryf word of deelneem as in die styl en kategorie waarin die stoeier verkies was, sonder die toestemming van die SASF Uitvoerende Bestuur nie.

Oorsese stoeiers: (Stoeiers wat oorsee woon en voorberei)

Spesifieke vereistes vir deelname aan ’n Nasionale proewe en verkiesing tot Kontinentale Kampioenskappe spanne vir 2017: (*Die Nasionale proewe wat op 25 Februarie 2017 plaasvind sal net gebruik vir die samestelling van die 2017 Kontinentale Kampioenskap spanne*)

1. Stoeiers wat oorsee woon moet die Federasie in kennis stel van hulle omstandighede voor **15 Februarie 2017**. Inligting m.b.t. die naam van hulle Universiteit, kollege, klub en die kontak besonderhede van hulle betrokke afrigter. Besonderhede van hulle jaarlikse oefen program m.b.t. krag en kondisionering, fiksheid, periodisasie ten opsigte van kompetisie moet ook voorsien word.

2. Stoeiers moet ’n maandelikse verslag van hulle oefen aktiwiteite asook bywoning aan die Afrigters Raad stuur. Die verslae moet vanaf Januarie 2017 indien word.

3. Deelname aan die Nasionale proewe is beperk tot **een styl per stoeier**. Stoeiers moet voor die tyd kies in watter styl hy wil deelneem, en kan net in **een styl inskryf** vir die Nasionale proewe. (Die Uitnodiging vir die 2017 SA Proewe wat op 28 Desember 2016 versprei was, het aangedui dat mans stoeiers wel in beide twee style kan deelneem en dan na die proewe kan kies in watter styl hy wil stoei. **Let asseblief daarop dat die vereistes soos hierbo deurgegee en verduidelik van toepassing is en dat mans stoeiers net in een styl deelneem**)

4. Deelname aan die Nasionale proewe in die spesifieke stoei styl, ouderdoms en massa kategorie waarin die stoeier internasionaal gaan deelneem is verpligtend.

5. Plasing onder die eerste drie stoeiers by die Nasionale proewe sal nie dien as outomatiese toelating toe enige Nasionale span nie, finale toelating tot Nasionale spanne sal op

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

aanbeveling van die Afrigters Raad en goedkeuring deur die Uitvoerende Bestuur geskied. Die finale aanbeveling of ’n stoeiers geskik is vir internasionale deelname word deur die Afrigters Raad gedoen vir goed keuring deur die SA Uitvoerende Bestuur. Dit geld vir enige internasionale deelname of span.

6. Stoeiers wat oorweeg wil word vir deelname aan die Wêreld Kampioenskappe vir 2017 moet die vereistes soos uiteengesit in paragraaf 2 nakom na afloop van die Kontinentale Kampioenskappe vir 2017.

Let asseblief op die volgende:

1. Junior, Kadet en 0/15 Jeug stoeiers wat tydens die Nasionale proewe in ’n hoër ouderdoms kategorie wil deelneem moet 1ste kom in sy/ haar regte ouderdoms kategorie alvorens hy oorweeg sal word in die hoër ouderdoms kategorie vir Internasionale deelname. **Mans stoeiers moet in dieselfde styl deelneem in beide ouderdom kategorieë**. Stoeier kan net in een betrokke styl deelneem ongeag of hy in twee verskille ouderdoms kategorieë deel. SA Afrigters Raad sal ’n finale aanbeveling maak aan die SA Uitvoerende Bestuur oor die vergunning om stoeiers in ’n hoër ouderdoms kategorie Internasionaal te laat deel ongeag sy/ haar plasing tydens die nasionale proewe. (**Die vereiste soos uiteengesit in paragraaf 3 hierbo bly van toepassing)**.

2. Geen stoeier mag tydens ’n Internasionale Kampioenkappe in ’n ander styl en kategorie ingeskryf word of deelneem as in die styl en kategorie waarin die stoeier verkies was, sonder die toestemming van die SASF Uitvoerende Bestuur nie.

<u>Algemene vereistes vir verkiesbaarheid (van toepassing op lokale en oorsese stoeiers):</u>

<u>Suid-Afrikaanse Stoei Federasie:</u>

1. Moet ’n Suid-Afrikaanse Burger wees in besit van ’n wettige identifikasie dokument en ’n geldige paspoort en alle 0/18 stoeiers moet in besit wees van ’n onverkorte geboorte sertifikaat.
2. ’n Stoeier moet ’n geregistreerde lid van ’n wettig affilieerde Stoeiklub van die SASF wees.
3. Stoeiers mag nie onderhewig wees aan ’n dissiplinêre ondersoek of skorsing vir enige oortreding (ingesluit maar nie beperk tot verbode middels nie) gedurende die tydperk van verkiesing tot ’n span nie.

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

4. Stoeiers moet voldoen aan die Reëls en Gedragskode van die SA Stoei Federasie en dit ten alle tye handhaaf.
5. Stoeiers moet voldoen aan die Reëls en Gedragskode van die Internasionale Beheerliggaam van Stoei – United World Wrestling
6. Moet deelgeneem het aan die vereiste Nasionale toernooie asook ander kwalifiserende toernooie soos bepaal in die neergelegde kriteria.
7. Moet voldoen aan die neergelegde minimum vereistes vir die bywoning van die Nasionale oefening en oefenkampe soos bepaal in die kriteria.
8. 'n Stoeier moet ter enige tyd 'n fiksheid en vaardigheidstoets slaag soos bepaal deur die SA Afrigters Raad binne die aanvaarde toets protokol vir Olimpiese stoei in Suid-Afrika by 'n geakkrediteerde toets instansie. Die huidige bestaande protokol is aangeheg.
9. Respekteer die beginsels van sportman gees asook geen geweld nie.
10. Respekteer en voldoen aan al die reëls van die "World Anti-doping Agency" asook Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelm Vrye Sport.
11. Die SA Afrigters Raad mag ter enige tyd 'n aanbeveling aan die SASF Uitvoerende Bestuur maak oor die gereed en geskiktheid of gereedheid van 'n stoeier vir deelname aan 'n Internasionale toernooi in ag geneem die welsyn en veiligheid van die stoeier.
12. Ten einde die welsyn en veiligheid van stoeiers en spanlede te verseker mag geen stoeier meer as 5% oor die massa kategorie weeg as die massa kategorie waarin hulle gaan deelneem nie.
13. Die S.A. Uitvoerende Bestuur sal die vereistes soos gestel deur SASKOK en Dept. van Sport en Ontspanning m.b.t. voorheen benadeelde individue as 'n prioriteit oorweeg tydens samestelling en kies van spanne.

<u>Suid-Afrikaanse Sport Konfederasie en Olimpiese Komitee:</u>

14. In die geval van verkiesing tot spanne wat deur SASKOK administrateur word moet die stoeier aan SASKOK se bepalende vereistes voldoen.

<u>Algemene vereistes vir stoeiers wat Oorsee woon:</u>

1. Stoeiers wat oorsee woon moet die SASF in Januarie van elke jaar in kennis stel van hulle omstandighede. Inligting m.b.t. die naam van hulle Universiteit, kollege, klub en die kontak besonderhede van hulle betrokke afrigter. Besonderhede van hulle jaarlikse oefen program m.b.t. krag en kondisionering, fiksheid, periodisasie ten opsigte van kompetisie moet ook voorsien word.

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

SUID-AFRIKAANSE
STOEIFEDERASIE

2. Stoeiers moet verslae van hulle bywoning en oefen program maandeliks aan die Afrigters Raad stuur.
3. Die uitslae van kompetisies waaraan die stoeier deelgeneem het moet deurgestuur word aan SASFAR.
4. Stoeiers moet aan ten minste een (1) SASFAR goedgekeurde toernooi deelneem in die betrokke styl per jaar. Stoeiers moet SASFAR vroegtydig inlig m.b.t. tot die beplande deelname asook die uitslae van die kompetisie. Die toernooi hang af van die ouderdoms kategorie en ervarings vlak van die betrokke stoeier daarom sal die SASFAR die toernooie die ooreenkomstig goedkeur.
5. Stoeiers moet deelneem aan die Nasionale proewe soos deurgegee vanaf die SASF.
6. Stoeiers moet beskikbaar wees vir Internasionale oefenkampe soos bepaal deur SASFAR.
7. Stoeiers moet beskikbaar wees vir verkiesing tot Nasionale spanne vir deelname aan Internasionale Kompetisies.
8. Die stoeier moet geregistreer wees i.t.v. die Bepaling vir “Foreign Based” stoeiers soos bepaal deur United World Wrestling.

Groete

Afrigters Raad

Nico Coetzee

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika